19 November 2023

Liewe Broers en Susters

`n Seisoen van Groei

Die gemeente is bewus daarvan dat die Kerkraad ná die vertrek van ds Johan Botes besluit het om nie onmiddellik iemand te beroep nie, maar tyd te neem vir nadenke en gebed oor ons gemeente se roeping en ons pad vorentoe. Baie dinge het verander sedert ons 10+ jaar gelede so ‘n proses onderneem het. Ons beleef ongekende groei in wooneenhede en mense wat binne ons grense ingetrek het. Ons sou kon sê dat ons op `n ander dorp as 15 jaar gelede woon! Verder is drie van die leraars wat die gemeente vir baie, baie jare bedien het weg. En daarby is ons deur Covid en al die ontwrigting wat dit vir amper alle gemeentes gebring het.

Ons is duidelik in `n oorgangstyd. So `n tyd kan moeilik wees, maar die Bybel sê dit kan ook `n geseënde tyd en `n tyd van vernuwing wees. In so `n tyd is dit goed om weer te vra na die Here se plan met die kerk en met ons gemeente. Ons het ook besluit dat ons hierdie pad saam met ons lidmate wil loop.

Die kerkraad het reeds `n paar byeenkomste gehou en besluit om minstens drie dinge te doen:

- Ons het die Here gevra om vir ons `n ankerteks te gee om ons deur die tyd te begelei.
- Ons het indringende gesprekke gevoer met `n 24-tal lidmate oor hul ervaring van die gemeente.
- En ons het teruggekyk op die pad wat die Here tot hier met die gemeente geloop het – na goeie en na moeilike tye – om te vra wat ons daaruit kan leer.

In die aangehegte Addendum gee ons breedvoerige inligting oor die drie sake.

Voorlopige proriteite

Uit hierdie gesprekke, ons luister na die ankerteks, en ons kyk na die geskiedenis van die gemeente het ons `n klompie voorlopige prioriteite opgestel waarop ons hoop om in die toekoms te fokus. Die meeste hiervan is nie nuut nie, dalk net anders geformuleer:

- Ons wil `n gemeente wees wat in afhanklikheid met die Here leef en wat groot vrede, vreugde, inspirasie en hoop in ons christelike geloof vind.
- Ons wil ons gemeentelede welkom en gewaardeerd laat voel, hulle versorg en opbou en vir hulle geleenthede help skep om hulle roeping as gelowiges uit te leef.
- Ons wil oop en verwelkomend wees teenoor nuwe mense wat intrek in ons gebied en hulle in die gemeente ontvang.
- Ons wil die diversiteit van ons christelike geloof respekteer en ruimte maak vir alle mense in ons gemeente. Ons wil gesels oor verskille, van mekaar leer en ook leer om mense wat anders as ons is en anders dink, te respekteer.

KERKKANTOOR
Kusweg 87 / Posbus 15, Gordonsbaai, 7151
Tel: 021 856 1654
Faks: 086 561 5002
Epos: ngkgordonsbaai@absamail.co.za

Webwerf: www.ngkerkgordonsbaai.co.za

LERAARS
Ds. Melissa Hoffmann
021 856 2683
066 220 7498
ellis.melissa94@gmail.com

Ds. Dewald Hoffmann (Tentmaker)
082 695 1996
ds.dewaldh@gmail.com

PBO No. 930012956

- Ons sal as navolgers van Jesus graag saam met ander kerke en gelowiges `n verskil wil maak aan die nood in ons omgewing.
- Ons sal graag die evangelie wil bring aan mense in ons omgewing en hulle help om in Christus te glo.
- Ons glo dat ons as Christene `n roeping in Suid-Afrika het. Ons sal graag as gelowiges `n rol wil speel en `n getuienis wil lewer om van ons land `n beter plek vir al ons kinders te maak.

Eerste besluite

Ons voorsien dat die beplanningsproses nog geruime tyd sal voortgaan, maar ons het besluit om spesiale aandag aan die volgende dringende sake te gee:

- Die uitbou van die twee eredienste en in besonder die sang – in die ou kerkgebou `n meer tradisionele diens en by die Lofsentrum `n meer eietydse diens.
- Om moeite te doen met die opsporing van ou en nuwe lidmate binne ons gemeentegrense (ons het reeds hiermee begin).
- Die inskakeling van meer lidmate by omgee- en belangegroepe
- Jeugwerk
- Geleenthede aan lidmate om ooreenkosmtig hulle gawes by dienswerk in ons gebied betrokke te raak.

Gesprek met lidmate

Ons beoog om `n hele paar byeenkomste te hou waarheen ons lidmate by ons beplanningsgesprek wil betrek. Ons beplan om in Desember reeds by die eredienste terugvoer te gee, maar in die nuwe jaar sal daar vir elk van die nege streke in die gemeente `n uitvoeriger gesprek gereë word.

Leraars en bediening

Ons is van mening dat ons die besluit oor die beroeping van `n tweede leraar moet uitstel tot ná die afronding van die beplanningsproses gedurende volgende jaar. Intussen sal dr Jannie le Roux, ds Dewald Hoffman en dr Coenie Burger vir Ds Melissa bystaan met die eredienste.

Uitnodiging: Bid saam en gesels met ons

Ons wil ons lidmate versoek om aktief deel te wees van die proses. Ons sal veral gesprek en gedagtes oor ons sewe prioriteite verwelkom. Die gemeente behoort nie aan die kerkraad of die leraars nie. Dit is Christus se gemeente vir al sy dissipels en kinders. Daarom wil ons vra:

- Bid saam met ons vir lig en duidelikheid oor ons roeping.
- Lees en bid saam met ons oor die ankerteks wat die Here vir ons gegee het en kyk goed na die sewe prioriteite.
- En praat met ons as julle gedagtes of vrae het.

Ds Melissa Hoffmann
Voorsitter : Kerkraad

Herman Lourens
Onder-Voorsitter : Kerkraad

ADDENDUM

1. **Ankerteks – ons soek leiding by die Here**

Ons het vir die Here `n teks gevra om ons op die pad te lei. Hy het vir ons Joh 1:1-9 en 8:12 gegee. Ons het `n paar waarhede daar gehoor waardeur ons ons op die pad wil laat lei.

- Jesus Christus is die Lig vir ons en vir die wêreld. Daar is weerstand teen Hom maar ons weet dat niks die Lig van die evangelie kan of sal keer nie.
- Jesus Christus as die Lig is ook die Een wat lewe wil en kan gee – vir ons en vir alle mense.
- Ons word soos Johannes die Doper genooi om Jesus te volg en met ons veranderde lewens van Hom te getuig – om lig en lewe te bring na almal in en buite die gemeente wat dit nodig het.

2. **Wat ons geleer het uit die gemeente se pad tot hier**

Ons het in ons eerste sessie weer gekyk na die pad wat die Here tot hier met ons gemeente geloop het. Dit was op baie maniere `n wonderlike en geseënde pad. Daar was natuurlik foute, maar ons wil vir die pad vorentoe eerder bou op die goeie werk van die gemeente. Ons het met groot waardering onthou:

- Dat Gordonsbaai altyd `n vriendelike, oop, gemaklike kerk was – tradisioneel, maar nie styf of pretensieus nie. Dat ons gereeld vakansiegangers ontvang het, het daarmee gehelp.
- Dit was `n gemeente met inisiatief en waagmoed. Ons het onthou van die inrydienste en dat Oom Sollie die dienste daardie tyd reeds soms in Engels gelei het.
- Ons is baie dankbaar en trots op die gemeente se betrokkenheid by die omgewing deur o.a. instansies soos GB Outreach.
- Ons is baie dankbaar dat die Here die Lofsentrum aan ons gegee het en het gewonder of ons dit tans ten beste benut.
- Ons is ook dankbaar en trots daarop dat ons gemeente lankal `n naam het daarvoor dat ons oop en verwelkomend wil wees teenoor alle mense.

Ons sal meer moet doen en op `n manier van vooraf begin bou, maar ons sal hierdie goeie dinge wil onthou en so ver moontlik vorentoe daarop wil voortbou.

3. **Kommentaar van vraelyste**

Ons het ook indingende gesprekke gevoer met 24 mense in die gemeente en na ons omgewing gekyk. Die belangrikste kommentaar wat ons gekry het, was die volgende

- Groot waardering vir die oop hart van die gemeente; nie styf nie maar gemaklik en verwelkomend
- Gemeente wat omgee (vgl Lief en Leed)
- Oop vir diversiteit en akkommodeer verskille
- Reik uit na buite
- Waardeer klem op die Bybel en geestelike realiteite
- Musiek baie belangrik
- Besorg oor kerkgetalle wat afneem en gevolge vir finansies (tweede leraar?)
- Aard van diens en sang by LS nie vir almal bevredigend nie
- Besorgdheid oor jeug (vrae oor kategese en “ou” aanddiens vir jeug)
- Mis koffie en gesellige verkeer na die diens by Kusweg
- Mis meervoudige leierskap in gemeente (ideale kombinasie: jonger en ouer leraar)
- Sommige mis huisbesoeke
- Wat die omgewing betref, het ons kennis geneem van groot skuiwe: geweldige toename in getalle, wooneenhede; veel meer multikultureel as vroeer; baie nood onder armer mense.